



# higher education & training

Department:  
Higher Education and Training  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIENRIGLYN**

### **NATIONALE SERTIFIKAAT PERSONEELOPLEIDING N5**

**14 JUNIE 2019**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.**

**AFDELING A****VRAAG 1**

1.1	1.1.1	D		
	1.1.2	A		
	1.1.3	F		
	1.1.4	C		
	1.1.5	E		
			(5 × 2)	(10)
1.2	1.2.1	Onwaar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Waar		
	1.2.4	Onwaar		
	1.2.5	Waar		
			(5 × 2)	(10)
1.3	1.3.1	B		
	1.3.2	B		
	1.3.3	A		
	1.3.4	B		
	1.3.5	B		
			(5 × 2)	(10)
1.4	1.4.1	Meting van hoe goed alle hulpbronne by die insetstadium gekombineer en gebruik word om die nodige resultate te bereik – verhouding van inset tot uitset		
	1.4.2	Ongereguleerde sektor aangesien inligting oor mense wat sake in hierdie sektor doen nie by die toepaslike owerhede aangeteken word nie		
	1.4.3	Rangskikking wat slegs stoele bevat en ten opsigte van die gebruik van ruimte doeltreffend is		
	1.4.4	'n Mondelinge of geskrewe weergawe van 'n gebeurtenis, insident of situasie met die doel om kritiese denke te ontwikkel		
	1.4.5	Help leerders wat probleme met lees, spelling en selfs basies probleme met wiskunde ervaar		
			(5 × 2)	(10)
				<b>[40]</b>
			<b>TOTAAL AFDELING A:</b>	<b>40</b>

**AFDELING B****VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1
- Verwys na die gebruik van tegnies gevorderde masjinerie en toerusting om arbeid te vervang
  - Kan 'n verandering in die proses, gebruik van materiaal, masjinerie en toerusting tot gevolg hê
  - Lei oor die lang termyn tot hoër uitsette teen laer koste en beter gehalte
  - Alle ondernemings moet innoverend wees om kompetierend te bly
  - Werkers moet vir verskillende take of vir die gebruik van nuwe toerusting/prosesse behou word
  - Baie werkers staan verandering teë en ervaar spanning, frustrasie, ensovoorts wanneer met nuwe tegnologie gekonfronteer word. (Enige 5 × 1) (5)
- 2.1.2
- 'n Werksmag met lae produktiwiteit voorkom dat die onderneming kompetierend is
  - Lone word nie verhoog nie, en dit lei tot stakings
  - Dit lei dan weer tot laer produktiwiteit
  - Maatskappy wend hulle dan tot heringenieursing wat tot werkloosheid en maatskaplike probleme lei
  - Opleiding en ontwikkeling moet dit aan almal duidelik maak dat produktiwiteit tot almal se voordeel is (5)
- 2.2
- Om mensehulpbronbehoefes in Suid-Afrika te ontleed
  - Om infrastruktuur só te beplan dat dit ten opsigte van opleiding en ontwikkeling in mensehulpbronbehoefes sal voorsien
  - Om die gehalte van beskikbare hulpbronne deur middel van opleiding en ontwikkeling te verbeter
  - Om elke werknemer se potensiaal te ontwikkel
  - Om stabiliteit van arbeidsverhoudinge te bevorder
  - Om veilige indiensneming aan werkers te verskaf
  - Om die vraag na arbeid met die aanbod van arbeid te balanseer
  - Om regeringsbesluite oor arbeid te implementeer
  - Om verslag te doen oor en beleidmakers te adviseer oor moontlike veranderinge in beleid en wysigings in wetgewing (Enige 4 × 2) (8)

- 2.3      2.3.1      • Verklein die gaping tussen teorie en praktyk  
 • Relatief goedkoop  
 • Veroorsaak dat vaardigheid onmiddellik gebruik word  
 • Selfvertroue word onmiddellik gebou wanneer 'n persoon in staat is om 'n taak te verrig  
 • Kan in tegniese en nietegniese opleiding gebruik word  
 • Eenvoudige en praktiese opstelling van toerusting kan die oordrag van leer verbeter  
 • Leerders bly by die leerproses betrokke  
 • In gestruktureerde en ongestruktureerde opleiding is die leerder in die werklike werkomgewing  
 • Leerder kan sy of haar eie werkstyl ontwikkel  
 • Alle sintuie is by die leerproses betrokke      (Enige 6 × 2)      (12)
- 2.3.2      • Nie alle tipes leer kan gedemonstreer word nie  
 • Aantal persone in die groep is beperk  
 • Gesofistikeerde toerusting kan beskuldig  
 • Leer deur probeer en fouteer – suksesvolle pogings (hoewel eintlik verkeerd) sal herhaal en geleer word  
 • Individuele bydraes is nie maklik identifiseerbaar nie  
 • Mag nie moontlik wees om tyd vir onmiddellike oefening opsy te sit nie  
 • Individualisering is nie moontlik nie  
 • Moeilike prosesse word nie genoeg verduidelik nie  
 • Dit mag moeilik wees om toerusting te gebruik  
 • Kan 'n baie stadige metode wees – dit hang van die individu se leertempo af  
 • Prestasiekriteria word deurlopend aangepas  
 • Vir leer om suksesvol te wees, is 'n volledige behoefteontleding en gestruktureerde program nodig  
 (Enige 5 × 2)      (10)  
**[40]**

### VRAAG 3

- 3.1      • Realisties omdat dit driedimensioneel is  
 • Gebruik meer as een sintuig  
 • Demonstrasie is moontlik  
 • Leerders kan oefen      (4 × 2)      (8)
- 3.2      Omgewing:✓  
 • Daar moet nie afleidings in die opleidingsgebied wees nie  
 • Ruimte vir 'n lessenaar of tafel moet beskikbaar wees  
 • Meubels moet geskuif kan word om vir groepwerk voorsiening te maak  
 (Enige TWEE)
- Beligting en beheer daarvan:✓  
 • Beligting moet voldoende wees sodat aantekeninge afgeneem kan word  
 • Beligting moet voldoende wees vir sigbaarheid  
 • Beligting moet voldoende wees om na goed soos video's te kyk  
 (Enige TWEE)

## Skerms:✓

- Moet by die grootte van die kamer aanpas
- Moet so geplaas word dat almal dit kan sien
- Die projektor moet NIE so geplaas word dat dit die instrukteur se sig, die skerm of die bord vir enige leerders verskuil nie. (Enige TWEE)

## Bykomende toerusting:✓

- Hou ekstra gloeilampe byderhand
- Neem jou eie verlengkoord saam na die aanbieding toe
- Neem 'n sagte lap om, indien nodig, die toerusting af te stof, en neem 'n wyser saam (Enige TWEE)

## Mondelinge verduidelikings:✓

- Verduidelik aan die leerders waarom media gebruik word
- Voeg mondelinge verduidelikings by die aanbieding (5 × 2) (10)

- 3.3
- Die onderopgeleide werknemer (opleidingsbehoefes)
  - Bekwame en opgeleide personeel
  - Moontlike bestaande opleidingsmateriaal
  - Behoorlike beskikbare tegnologie
  - Beskikbare tyd
  - Opleidingsbegroting
  - Behoeftes van die onderneming (Enige 5 × 1) (5)

- 3.4
- 3.4.1 Identifiseer teenstrydighede ten opsigte van vaardighede, kennis en gesindheid en ondersoek opleidingsbehoefes wat op probleme gebaseer is
- 3.4.2 Bepaal opleidingsinstrumente en assessseer opleidingsbehoefes
- 3.4.3 Hy/Sy verseker dat beplande opleiding binne die beplande begroting plaasvind
- 3.4.4 Skryf opleidingsdoelwitte, kies inhoud, aktiwiteite en materiaal, implementeer leergeleenthede en gebruik opleidingsbehoefes om 'n leerprogram te ontwikkel
- 3.4.5 Dien as kommunikasiespesialis wat groep bystaan om oplossings te bespreek, te evalueer en te kies sodat 'n saamwerkende werksgroep gevorm word (5 × 2) (10)

- 3.5
- Moedig betrokkenheid aan deur 'n geleentheid vir die uitruil van idees en inligting te bied
  - Stel die instrukteur in staat om te bepaal wat die deelnemers reeds weet
  - Ontwikkel belangstelling en wek nuuskierigheid
  - Beklemtoon en versterk inligting
  - Help leerders om kreatief te dink
  - Leerders deurdink die probleem deur die vraag te ontleed
  - Betrek skugter persone by die bespreking
  - Trek aandag en wek aan die begin van die sessie belangstelling
  - Bevestig begrip
  - Lok bespreking uit
  - Fokus aandag op 'n bepaalde punt
  - Betrek leerders by die ontdek van feite
- (Enige toepaslike 7 × 1) (7)  
**[40]**

**VRAAG 4**

- 4.1
- |       |   |  |  |
|-------|---|--|--|
| 4.1.1 | C |  |  |
| 4.1.2 | D |  |  |
| 4.1.3 | B |  |  |
| 4.1.4 | E |  |  |
| 4.1.5 | A |  |  |
- (5 × 2) (10)
- 4.2
- Voorspel/Identifiseer toekomstige bestuurspotensiaal
  - Kies, ontwikkel en plaas individue in bestuursposisies
  - Word vir behoefteontleding gebruik
  - Onderrig besluitnemingsvaardighede
  - Boots die realiteit na
  - Leer deelnemers om spanning te hanteer
- (Enige 4 × 2) (8)
- 4.3
- Kies die aktiwiteit wat by die deelnemers se vermoëns pas aangesien sommige aktiwiteite nie deur gestremde individue uitgevoer kan word nie
  - Sommige aktiwiteite vereis baie ruimte en die aktiwiteit kan nie gestaak word nadat daarmee begin is nie
  - Deelnemers se veiligheid moet oorweeg word
  - Aktiwiteite moet nuttig wees en moet by die opleidingsdoelwit aanpas
  - Materiaal wat gebruik word moet in orde en volledig wees voordat die aktiwiteit begin
  - By tydreëling vir die aktiwiteit moet die aktiwiteit en die grootte van die groep in ag geneem word
  - Die tipe aktiwiteit moet sorgvuldig gekies word om by die opleidingsdoelwit te pas
  - Instrukteur moet 'n verskeidenheid aktiwiteite verseker
  - Die groep moet, waar nodig, oor die beginsel van vertroulikheid ooreenkom
- (Enige 5 × 2) (10)

4.4	4.4.1	Help leerders met emosionele probleme, spanning en probleme met gespanne situasies.		
	4.4.2	Help leerders wat probleme met uitspraak, spraak- of gehoorgebreke, ensovoorts, ervaar.		
	4.4.3	Behandel leerders wat probleme met die senustelsel en die brein ervaar.		
	4.4.4	Assesseer intelligensie en gee raad oor beroepskeuses.		
	4.4.5	Help leerders om te konsentreer en inligting in te neem. Manipulasie en oefening maak deel van terapie uit.		
	4.4.6	Help leerders wat probleme met lees, spelling en selfs basiese probleme met wiskunde ervaar	(6 × 2)	(12)
				<b>[40]</b>

**VRAAG 5**

5.1	5.1.1	Sektorale Onderwys en Opleidingsowerheid		
	5.1.2	Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid		
	5.1.3	Nasionale Opleidingsraad		
	5.1.4	Nasionale Vaardighedsowerheid		
	5.1.5	Nasionale Vaardighedsfonds	(5 × 2)	(10)
5.2		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Stel individue in staat om hul volle potensiaal te bereik</li> <li>• Bemagtig individuele deelnemers in die samelewing as geheel</li> <li>• Stel individue in staat om vaardighede in wiskunde te ontwikkel</li> <li>• Stel individue in staat om gevorm en ontwikkel te word</li> <li>• Stel individue in staat om 'n kritiese begrip van hul samelewing te vorm</li> <li>• Stel individue in staat om inisiatief te ontwikkel</li> </ul>	(Enige 5 × 2)	(10)
5.3	5.3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Volwassene se selfbeeld</li> <li>• Ervaring</li> <li>• Bereidheid om te leer</li> <li>• Leergerigtheid</li> </ul>	(4 × 2)	(8)

- 5.3.2
- Om interpersoonlike, maatskaplike en kommunikasievaardighede te ontwikkel
  - Om selfvertroue te bevorder
  - Om empatie met ander se probleme te ervaar
  - Om met toekomstige probleemoplossing te help
  - Om vorige gedrag te ondersoek
  - Om nuwe optrede te probeer
  - Om met moontlik nuttige gedrag te eksperimenteer
- (Enige 6 × 2) (12)  
**[40]**

**VRAAG 6**

- 6.1
- Elke leerder kan teen sy of haar eie pas leer
  - Leerders leer teen eie tempo
  - So doeltreffend soos klaskameronderrig
  - Bespaar koste
  - Buigsaam en kan te enige tyd plaasvind
  - Beginsel van individualisme kan toegepas word
  - Versoenbaar met volwasseleerbeginsels
  - Kan werkskedules akkommodeer en leerders kan gebruik word.
- (Enige 5 × 3) (15)
- 6.2
- Mentoring verwys na 'n verhouding tussen twee individue waar een die leerder (protégée) en die ander die meer senior, meer ervare en meer bekwame persoon, die mentor, is.
- Berading verwys na hulp aan 'n persoon wat probleme met selfbeeld, selfvertroue en 'n swak ingesteldheid ervaar. Beradingsdienste word ook in gevalle van angstigheid, depressie en spanning gebruik.
- (2 × 2) (4)
- 6.3
- Die kompetisie kan die leerervaring oorheers
  - Speletjies is duur
  - Dit neem baie lank
- (3 × 2) (6)
- 6.4
- 6.4.1 Onderwys en opleiding moet deel van 'n versoenende benadering uitmaak.
- 6.4.2 Onderwys en opleiding moet voorsiening maak vir verskeie maniere waarop dieselfde leer en sertifisering bereik kan word.
- 6.4.3 Onderwys en opleiding moet nasionale en internasionale waarde hê en aanvaar word.
- 6.4.4 Onderwys en opleiding moet leerders in staat stel om krediete of kwalifikasies van een leersentrum of werkgewer na 'n ander oor te dra.
- 6.4.5 Onderwys en opleiding moet binne 'n konsekwente raamwerk beginsels en sertifisering plaasvind.
- (5 × 3) (15)  
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**  
**GROOTTOTAAL: 200**